ARTIKEL 1: SINODE AANVAAR UITSLAG

"Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie."

Die sinode het ook 'n pastorale skrywe aan lidmate goedgekeur:

Uit die terugvoering wat van die kerkrade, ringe en sinodes ontvang is, is dit duidelik dat daar inderdaad groot moeite gedoen is om die proses korrek en eerbaar te laat verloop. Ongelukkig het ons ook kennis geneem daarvan dat daar lidmate, ampsdraers en selfs hele gemeentes is wat diep seergekry het en steeds seerkry.

Ons het gehoor van spanning, teleurstelling en ernstige en eerlike worsteling met vrae oor die proses, die uitslae en die moontlike gevolge daarvan vir lidmate, gemeentes, verhoudinge in die NG Kerk en die NG Kerk se verhoudinge met die ander kerke in die NG Kerkfamilie.

Ons bede is dat die Here deur sy Woord en Gees nou ná alles weer heling sal bring in die gemoedere van lidmate, ons onderlinge verhoudinge en ons kerk se verhoudinge na buite. Ons doen dan ook 'n beroep op sinodes en kerkrade om hulle met die nodige deernis en begrip te beywer vir versoening tussen lidmate deur hulle aan te moedig om in opregte liefde vir die Here, sy kerk en mekaar in respek en vertroue hande te vat sodat ons almal saam ons roeping in Suidelike Afrika kan uitleef.

Met die oog daarop is die woorde van Lied 532 baie gepas:

Ons Vader, neem ons hande en maak ons een.
Versterk U self die bande – gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.

Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan, laat Hy ons lei,
Dat ons u Woord gehoorsaam – ons aan U wy.

Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede, en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede in Jesus Naam.

Amen